

GROEIGROEPE

#NUWEASEM



**Die HOE, HOEKOM,
WAT, WIE en WAAR**



Beste Lidmaat

Lux Mundi is 'n oop en liefdevolle geloofsfamilie wat Jesus met oorgawe dien en ander saamnooi om Hom te volg! Die Gemeente se bedieningsmodel is gebaseer op die konsep van groeigroepe.

Ons hoop die inligting hieronder help jou om tuis te kom in 'n groeigroep!

VIR WIE IS DIE GROEIGROEPE?

Almal, oud en jonk!

HOEKOM GROEIGROEPE?

Om deel van Lux Mundi-familie te wees, beteken om die 5-saam-dinge te doen: saam **aanbid**, saam **groei**, saam **dien**, saam **uitreik**, saam **verantwoordelikheid** neem en saam vier.

Ons oefen hierdie saam-dinge in groeigroepe omdat Jesus ons roep om saam op reis te wees en Hom te volg! Ons help en ondersteun mekaar om Jesus te volg in die werklikheid van elke dag.

Ons het ook 'n menslike behoefte aan liefde en aanvaarding. Ons moet elke dag die aanslae van die lewe trotseer. Die kerk en meer spesifiek, mede-gelowiges, is daar om as geloofsfamilie saam met ons die pad te stap en te help om die aanslae van die lewe/wêreld te hanteer en te verwerk. Die kerk is die laaste plek waar iemand ooit alleen moet staan!

Die groeigroepe het tot gevolg dat die kerk meer effektief funksioneer en dat die gemeenskap van gelowiges versterk word.

Die kerk vernuwe voortdurend, om terug te keer na die Bybelse beginsels van kerkwees. Familie-eenhede, of te wel groeigroepe, word gevorm wat die Woord as bron van lering gebruik. Onderlinge verhoudings en vriendskappe in Christus word gebou, gereelde byeenkomste word gehou waartydens elke lid se gawes ontdek en gebruik word tot voordeel van die groep, gemeente en die wyer gemeenskap.

Groeigroepe bestaan nie ter wille van hulleself nie, maar is geroepe om Jesus te volg en diensbaar te wees in die koninkryk en die gemeente.

Die onderlinge liefdesgemeenskap van gelowiges in die groeigroep kan net gevorm word indien daar:

HOE WORD DIE DOEL BEREIK?

'n **Lewende verhouding** met die Here is.

'n **Omvattende verhouding** met medegelowiges is.

'n **Dienende verhouding** met die wêreld en mense daar buite is.

WAT WORD VAN JOU VERWAG BINNE DIE GROEIGROEP?

- * Om saam as familie ons roeping om lig vir die wêreld te wees, uit te leef!
- * 'n Verbintenis van toewyding en meelewing tot die geestelike familie waarin jy jou nou bevind.
- * Om in 'n veilige en vertroulike ruimte van jou behoeftes en vreugdes met die liefdesgemeenskap te deel, hulp te aanvaar, om om te sien na ander se behoeftes binne sowel as buite jou geestelike huisgesin, en daar te wees vir mekaar.
- * Ontwikkeling van jou gawes soos van God ontvang.
- * Inskakeling en meelewing met die groter gemeente en kerk.

Die Kernwaardes van **GROEI**groepe:

- G** - **Geestelik** mekaar te ondersteun
- R** - **Reik uit** na buite die groep
- O** - **Omgee** vir mekaar
- E** - **Eenheid**, in 'n hegte eenheid te lewe, mekaar aanvaar
- I** - **Integreer** jou Christenskap in jou alledaagse lewe.

HOE SKAKEL EK IN?

'n Groeigroep het my genooi:

Omdat die Here self besluit wie Hy waar wil laat inskakel, nooi groepe persone uit oor wie daar gebid is (en van die Here leiding ontvang is), om as gaste die byeenkomste van die groep by te woon. Wanneer jy gereed is en gelei voel, kan jy jou vrywillig by die groep aansluit. Indien jy na 'n paar byeenkomste voel dat die groep nie vir jou is nie, kan jy met vrymoedigheid die gemeente nader vir 'n ander plasing.

Ek wil by 'n groeigroep geplaas word:

Vra die Here in gebed dat Hy jou sal lei na die regte groep waar Hy jou wil laat inskakel.

Voltooi die aangehegte vorm (ook beskikbaar by die gasvryheidstoonbank of op die webblad) en handig dit in by die gasvryheidstoonbank of plaas in die kollektebordjie.

Wanneer jy aandui dat jy graag in 'n groep opgeneem wil word, sal 'n groepleier jou kontak om jou te nooi vir 'n paar byeenkomste. Tydens die byeenkoms(te) besluit jy of jy verder wil inskakel al dan nie. Jy kan met vrymoedigheid die kerk nader vir 'n ander plasing sou jy nie tuis voel nie.

Ons skakel jou so gou as moontlik oor jou groeigroepplasing

Groete

Die Inkombediening

EK WIL BY 'N GROEIGROEP INSKAKEL

Van: _____

Naam van man: _____

Naam van vrou: _____

Name van ander gesinslede:

_____ Ouderdom: _____

_____ Ouderdom: _____

_____ Ouderdom: _____

Woonadres: _____

E-pos adres: _____

Telefoon: _____ (landlyn)

Selfoon: _____ (m) _____ (v)

Ouderdomsgroep (omkring):

20-30 /30-40/ 40-50/ 50-60/ bo 60 / ouers met babas

Ek/Ons sal die volgende aande byeenkomste kan bywoon (omkring):

Dinsdag/Woensdag/Donderdag/Sondag (oggend of aand)

Ons wil so gou moontlik inskakel / Ons stel belang, maar wil graag eers oor drie/ses maande weer gekontak word. (Skrap wat nie van toepassing)

Vir enige navrae of meer inligting **kontak:**

Ilse Oosthuizen: Tel: (012) 998 8801 of e-pos: groei@luxmundi.org.za

Welkom by ons geloofsfamilie !